

PASGA

Doel: Om deur middel van die Joodse Pasga fees vir die kinders te leer (1) waar die Nagmaal vandaan kom en (2) dat die Nagmaal 'n fees is waarmee ons ons vrymaking van sonde vier.

Tyd: Dit is die beste om dié les voor Paasnaweek te behandel. Afrikaanse kinders behoort goed te verstaan: “Paasfees” kom van “Pasga” af.

Skrifgedeelte: Eks 12:1-16, Matt 26:26-30.

Hulpmiddels:

- 'n Paar takkies groen pietersielie.
- 'n Bakkie soutwater.
- 2 skywe ongesuurde brood. (Vra vir matzo by u supermark).
- Een of ander kruie wat bitter of skerp smaak. Die mees algemene is peperwortel (“horse radish”), beskikbaar gebottel in 'n supermark of op die mark.
- 'n Mengsel van gerasperde appel, heuning, kaneel. (Moenie bekommerd wees as dié mengsel, genaamd charoset, bruin word nie – dit is veronderstel om soos bouklei te lyk).

Van al hierdie disse moet daar genoeg wees sodat elke kind kan proe, 'n klein hoeveelheid – ongeveer 'n teelepel per kind – is genoeg.

Aanknopingspunt: Die spesiale Pasga-kossoorte.

Inhoud van die les: Neem die kinders deur die storie van Pasga en Nagmaal. Laat hulle deelneem deur self te eet wanneer 'n spesiale kossoort geëet word. Begin met die Nagmaal, vertel dan baie kortliks wat rondom die Pasga-tafel gebeur en sluit af deur te vertel hoe die Pasga ons help om die Nagmaal te verstaan. Die Pasga vier die verlossing uit slawerny in Egipte, die Nagmaal vier die verlossing uit die slawerny van sonde.

Wat is die Nagmaal? Wat gebeur met die Nagmaal? (Gee kans vir terugvoering en gee daaruit 'n kort definisie wat Nagmaal is): Dit is wanneer ons in die kerk brood en wyn/druiwesap gebruik om ons te help onthou dat Jesus vir ons gesterf het, maar dat Hy opgestaan het. Die brood wat gebreek word, herinner ons aan Sy liggaam wat gebreek is toe dit gekruisig is en die wyn/druiwesap herinner ons aan hoe sy bloed gevloei het sodat ons gered kan word.

Maar hoekom word dit “Nagmaal” genoem? (Kry terugvoering): dit was mos die laaste ete wat Jesus en sy dissipels saam geëet het – toe dit al aand was. Daarom noem ons dit “Avondmaal” of “Nagmaal”.

Hoekom het Jesus en sy dissipels saam geëet? Hulle het 'n spesiale ete geëet – die Pasga-ete. Die Pasga was die fees waarmee die volk Israel onthou het hoe die Here hulle uit Egipte uitgelei het. In Egipte was hulle slawe en is hulle baie sleg behandel. Vandag nog vier Jode (die agter-agter-agter-agter-kleinkinders van die Israeliete) hulle verlossing uit Egipte deur die Pasga-fees.

Hoe vier die Jode die Pasga? Hulle eet 'n lekker ete saam (amper soos ons met Kersfees) - maar voordat hulle by die hoof ete kom, eet hulle 'n paar spesiale kossoorte. Elkeen van hierdie kossoorte help die Jode om te onthou hoe God hulle voorvaders uit Egipte verlos het.

Kom ons eet hierdie spesiale kosse en onthou hoe die Here die Israeliete gered het.

Die Pietersielie: Ons dank die Here vir kos wat uit die grond kom. Die eerste kossoorte wat geëet word, is die pietersielie (dit kan ook 'n ander soort groen groente wees). (Almal neem 'n takkie, druk dit in die soutwater, terwyl die pa van die huis bid):

✧ *Baruch atah Adonai, Eloheinu melech ha-olam, borei p'ri ha-adamah.*
(Hebreeus natuurlik opsioneel, maar probeer dit – dit hou soms die kinders se aandag).
Here, U is die Skepper van die Heelal, dankie dat U vir ons groente en vrugte gee. Amen. (Almal eet die pietersielie).

Die matzah – ongesuurde brood. Die volgende kossoort wat ons gaan eet, is die matzah – die ongesuurde brood. (Deel uit). Waarom is die brood so anders? Omdat dit sonder suurdeeg gebak is. Suurdeeg laat 'n brood rys – dan is dit nie so plat soos dié brood nie. Die nag toe die Israeliete uit Egipte moes trek, moes hulle baie vinnig padkos maak. Daar was geen tyd om suurdeeg in die deeg te meng en dit te laat rys nie. Daarom was die brode wat hulle saamgeneem het, sulke plat brode soos dié. Mens noem dit “ongesuurde” brood of, in Hebreeus, matzah. (Laat kinders die naam 'n paar keer almal hardop sê). Wanneer die Jode vandag die matzah eet, help dit hulle om daardie nag lank, lank gelede te onthou – toe die Here hulle uit Egipte (waar hulle slawe was) verlos het. Wanneer hulle die matzah eet, bid hulle so:

✧ *Baruch atah Adonai, Eloheinu melech ha-olam, hamotzi lechem min ha-aretz.*
Here, U is die Skepper van die Heelal, dankie dat U die aarde brood laat voortbring. Amen. (Almal eet die matzo).

Die bitter kruie - wat ons aan die swaarkry herinner. Die volgende kossoort wat geëet word, is die bitter kruie. Die Jode noem dit die maror. (Deel die bitter kruie uit en laat die kinders die Hebreeuse woord 'n paar keer hard sê: Maror!). Die maror-kruie smaak glad nie lekker nie - dit brand 'n mens se mond, of is bitter. Hoekom word dit dan met Pasga geëet? Om die Jode te herinner hoe sleg dit met hulle voorvaders in Egipte gegaan het. Kom ons proe hoe dit met die Israeliete in Egipte gegaan. Maar eers bid ons daarvoor – ons vra die Here se seën:

Praised are You, Lord, our God, whose Presence fills the universe, who has sanctified our lives through Your commandments and commanded us to eat *maror*.

✧ *Baruch atah Adonai Eloheynu melech ha-olam asher kid-shanu b'mitzvotav v'tzee'vanu al achilat marror.*

Here, U is die Skepper van die Heelal, U is die een wat ons lewens heilig deur U geboeie en wat ons beveel het om maror te eet. Amen. (Almal eet die marror – gee kans vir reaksie by die eet van die skerp/bitter kruie).

Die charoset (uitgespreek as *ha-ROH-ses*) - wat ons aan bouklei herinner. Die volgende kossoort is die **charoset**. Wie kan sê wat is dit? (Hou dit hoog). Lyk dit vir julle lekker? Soos wat lyk dit? (Kans vir terugvoer). Iemand het gister gesê dit lyk vir hom soos bouklei – dit wat die mense in die Oos-Kaap dagga noem – bruin, modderig en taai. Maar dis presies soos die **charoset** moet lyk. Die Israeliete het die **charoset** geëet om hulle te herinner aan die bouklei waarmee hulle voorvaders die piramides en ander geboue in

Egipte gebou het. Kyk, dit lyk soos bouklei. Gelukkig smaak dit nie soos bouklei nie. Kom ons eet dit en onthou hoe swaar die Israeliete in Egipte gekry het. Ons bid weer:

Here, U is die Skepper van die Heelal, U is die een wat ons voorvaders uit die land van slawerny gered het. Amen. (Almal eet van die charoset).

Die verband tussen Pasga en Nagmaal. Die ete wat Jesus en sy dissipels geëet het, was 'n Pasga-ete. Hulle het alles geëet: pietersielie, ongesuurde brood, bitter kruie, charoset – en so het hulle onthou hoe die Here die Israeliete uit Egipte gered het. Dit was toe hulle besig was om al hierdie spesiale kossoorte te eet, dat Jesus die brood geneem, dit gebreek het en gesê het:

“Neem, eet, dink daaraan en glo dat my liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al jul sondes” en daarna, toe Hy die wyn geskink het: - “Neem, drink, dink daaraan en glo dat my bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al jul sondes”.¹

Daarmee wou Jesus sê: Net soos dit julle gewoonte was om te onthou hoe die Here julle uit die slawerny in Egipte verlos het (deur die pietersielie, die ongesuurde brood, die bitter kruie en die charoset te eet), net so moet julle in die toekoms onthou dat Ek gesterf het sodat julle van sonde verlos kan word.

En dit is wat gebeur wanneer ons Nagmaal gebruik. Ons eet die brood (soos Jesus gemaak het) om daarmee te onthou hoe Sy liggaam vir ons gebreek is. Ons drink die wyn/druiwesap om te onthou hoe Sy bloed vir ons gestort is.

Aktiwiteit: Die kinders neem deel deur elke keer van die Pasga-kosse te eet.

Sing: 'n Lydens-gesang.

Afsluiting: Gebed deur een van die groter kinders (wat vooraf gevra is).

¹ Die woorde van die Nagmaalsformulier.